General Elections 2009

On the 22 of April all registered voters will have the opportunity to cast their vote in our country's general election. The importance of this event should not be under-estimated by the millions of Christians living in South Africa. By casting our vote, we exercise not only our democratic right, but also accept responsibility and stewardship for the management of our country in the future. As Christians this is something we should do.

We (as Christians) are called to work for a more just and fair society and world, and to vote is one of the ways we can work towards it. So the first thing we must say about the general elections is that we should go and vote. To encourage each other to vote is important, because not many people voted in the previous general elections. According to statistics only 15 863 554 people voted in the previous general election of 2004. This was an estimated 57.7% of all potential voters in South Africa at that time. Of the 20.6 million people who registered, more than 5 million did not vote. This is definitely not a favourable outcome in a country with a hard-fought history towards democracy. This also had the consequence that a party like the ANC, who received 70% of the votes in that election, in effect only got 38% votes of all eligible voters. So a lot of power was given to a government by a relatively small percentage of people in the country. Perhaps, or hopefully, this general election will be different in terms of the percentage of votes cast.

What the church prays for, however, is not only a higher percentage of votes to be cast, but for a free and fair election. We pray that there will be tolerance, honesty, openness and peace. As church we pray for wisdom for every voter, so that personal preferences or possible benefits will not be an obstacle in the deciding of which party to vote for, but that the well being of everyone in this country will be taken into account.

Many different denominations have expressed their views and wishes for the upcoming general elections. They are so similar to each other and well formulated that I do not want to add much more to these. I do however wish to recommend the statements made by the General Moderators of the Dutch Reformed Church, the Lutheran and Reformed Churches and the three traditional Afrikaans churches. (*These have been left in the original Afrikaans as they were written, and follow below.)*

Dr. Anné Verhoef
Dutch Reformed Church

General Elections / Algemene Verkiesing 2009 (Attachment) Statements by various churches:

1. General Moderamen of Dutch Reformed Church

ASM oor Algemene Verkiesing
Hieronder is die besluit wat die Algemene Sinode Moderamen op sy vergadering van 17-18 Maart aanvaar het oor die Algemene Verkiesing van 22 April 2009. Daar is ook riglyne waarvolgens lidmate hulself sou kon oriënteer ten opsigte van deelname. ‘

Die Algemene Sinode se Moderamen (ASM) het op 18 Maart die volgende aanvaar:

1. *Ons roep al ons lidmate op om Vrydag (20 Maart) saam met alle ander Christene – en ook elke volgende Sondag tot en met die verkiesing op 22 April – ernstig voorbidding te doen met die oog op die verkiesing (sien ook Riglyne vir Verkiesing aan Lidmate hieronder).*
2. *Al ons leraars en gemeentes word gevra om aandag te gee aan die Verklaring: Nasionale Kerkleiers-vergadering van 19 en 20 Januarie (sien bylaag aangeheg)*
3. *In aansluiting by bogenoemde, onderskryf die moderatuur die volgende riglyne waarvolgens lidmate hulleself sou kon oriënteer ten opsigte van deelname aan die Algemene Verkiesing vanjaar:*

Riglyne vir Verkiesing aan Lidmate

Dit sou bepaalde risiko’s kon inhou vir ‘n kerk om sy lidmate te probeer beïnvloed ten opsigte van hulle ondersteuning van (en stem ten gunste van) 'n bepaalde politieke party. Tog kan daar tye aanbreek waarin dit beskou sou kon word as die dringende roeping van die kerk om aan lidmate perspektief te gee oor die politieke rigting van die land.

Dit is waarskynlik veral belangrik wanneer dit blyk dat die rigting waarin die politieke sisteme neig, sou kon uitloop op

- *die bedreiging (selfs die duidelik aantasting) van die menswaardigheid van mense (simptomaties in die hoë voorkoms van armoede – veral die diskrepansie tussen ryk en arm, geweld, misdaad, korrupsie, ens),*
- *die bedreiging (en selfs die afbreek) van gesonde morele waardes van die gemeenskappe waarin ons lidmate leef.*
- *die misbruik van mag om eie groepsbelange (etniese, kulturele, of godsdienstige belange) te beskerm en te bevorder*
- *die aantasting van die beginsel van geregtigheid aan alle inwoners van die land.*

Daarom sou dit in 'n bepaalde tydstip van die geskiedenis (soos voor 'n algemene verkiesing) van die kerk verwag kan word om sy lidmate aan te moedig om hulle politieke keuses te maak in terme van bepaalde waardes soos:

- *politieke leierskap wat met integriteit uitgeoefen word*
- *morele stand van rolmodelle in politiek*

- *ekonomiese visie in terme van armoedevraagstuk*
- *die honorering van die waardes van die grondwet en die verbintenis tot die beskerming van die konstitusionele prosesse in die land.*
- *die wyse waarop oor mag gepraat word, mag gebruik en uitgeoefen word.*

Onlangse ongelukkige gebeure in Zimbabwe het ons geleer dat 'n mens nie té laat moet probeer om 'n situasie (konstitusioneel) te red nie. Die Grondwet is juis veronderstel om ons teen so 'n situasie te beskerm. Daarom moet ons vroegtydig die gevaartekens raaksien wanneer dit sou blyk dat die integriteit van die Grondwet (en sy waardes) onder druk kom en het ons die verantwoordelikheid om daaroor leiding te gee aan ons lidmate.

Natuurlik is die Grondwet en sy waardes nie onaantasbaar nie. Vir ons as kerk bly die waardes van die Evangelie van Jesus Christus, soos ons dit in die Bybel verstaan, ons hoogste prioriteit en lojaliteit. Maar so lank as wat die Grondwet hierdie oortuiging van ons nie bedreig nie, moet ons dit as staatkundige instrument tot vreedsame naasbestaan in hierdie land respekteer en verdedig.

Dr JJ GERBER
Algemene Sekretaris van die NG Kerk

2. Lutheran and Reformed churches

Verteenwoordigers van Kerke van die Lutherse en Gereformeerde tradisies wat by die Conventus van 2–4 Maart 2009 ontmoet het, doen die volgende verklaring met betrekking tot die komende algemene verkiesing:

Ons is aan die vooraand van 'n baie belangrike algemene verkiesing in ons land. In sommige gebiede in ons land is daar gretige afwagting op hierdie belangrike gebeure; in ander gebiede is mense baie bekommerd oor intimidasie en geweld.

Ons doen 'n beroep op ons regering en alle betrokke gesagsliggame wat betrokke is by die beplanning en uitvoering van die verkiesing om alles moontlik te doen om te verseker dat geweld en intimidasie aan bande gelê word en 'n vrye en regverdige verkiesing kan plaasvind.

Ons doen 'n beroep op politieke partye en almal aktief betrokke by die verkiesingsveldtogte om hulle daarvan te weerhou om hulle ondersteuners aan te hits, hulle aan te moedig om hulle opponente te respekteer en om vrye inligtingsdebatte oor hulle beleide en die geskiktheid van hulle kandidate vir leierskap toe te laat.

Ons doen 'n beroep op die burgers van ons land om inligting te bekom oor die verskillende partye en kandidate, noukeurig na verkiesingstoesprake te luister, asook na die beleide wat aangebied word om onreg te herstel, korrupsie te bekamp, misdaad te beveg, toereikende gesondheidsorgfasiliteite daar te stel, toereikende onderwys te verseker, werksgeleenthede te skep, armoede te verlig en omgewingsbewaring in die

hand te werk. Dit is die reg en ook die morele plig van burgers om hulle stemme uit te bring nadat hulle al die opsies wat aan hulle gebied is, noukeurig oorweeg het.

Ons doen op ons predikante in die gemeentes 'n beroep om daarop te wys dat die Christelike geloof nie aan ons die reg gee om kandidate óf te demoniseer óf te vergoddelik nie, en op die aanvoerders van veldtogte om hulle daarvan te weerhou om Bybeltaal of -konsepte te gebruik wanneer hulle kandidate en hulle visies vir die toekoms van ons land voorstel.

Suid-Afrika is 'n verklaarde konstitusionele staat. Die onderskeie howe is daar om te waak daarteen dat selfs die regeerders nie die grondwet en wette van die land ondermyn nie. Ons is bekommerd oor die baie gevalle waar die gedrag van regeringsamptenare daarop dui dat hulle hul verhewe bo die reg beskou en doen 'n beroep op politieke partye om hulle van sulke praktyke te distansieer.

Ons is bewus van die feit dat baie Suid-Afrikaanse burgers op stemdag tydelik buite die landsgrense sal wees en doen 'n beroep op die regering en die Onafhanklike Verkiesingskommissie om te verseker dat soveel moontlik van hierdie burgers in staat sal wees om hulle stemme uit te bring.

Ons verbind ons daartoe om oor hierdie kwessies te preek en te onderrig sonder om misbruik te maak van ons kansels vir partypolitieke doeleindes en ons verbind ons daartoe om vir ons land, sy leierskap en al sy burgers, die komende verkiesing en die vorming van 'n nuwe regering te bid.

Mag God se seën op Suid-Afrika rus!

3. Three traditional Afrikaans churches

Verklaring van die Sinodevoorsitters van die drie Afrikaanse Kerke in oorleg met hulle Kommissies in sake komende Algemene Verkiesing

27 Februarie 2009

Die drie Afrikaanse kerke nl die Gereformeerde Kerke in Suider-Afrika, die Nederduitsch Hervormde Kerk van Afrika en die Nederduitse Gereformeerde Kerk beskou dit as hulle profetiese roeping om etiese kwessies in die Suid-Afrikaanse samelewing aan te spreek. Die kerke wil, met die oog op die komende verkiesing, op sekere uitgangspunte wys.

Alle geregistreerde burgers van die land het die reg én die plig om aan die politiek deel te neem. Vir Christene beteken dit nie net om te stem nie, maar ook om op alle vlakke deel te neem aan die politieke gesprek wat die verkiesing voorafgaan. Sulke gesprekke kan daartoe bydra om helderheid oor bepaalde politieke kwessies te verkry.

Die koninkryk van God gaan wyer as die grense van die kerk. Daarom moet Christene binne en buite die politiek regverdigheid teenoor alle mense, ongeag ras, kleur, geloof of

geslag, bevorder. Elke stem in die huidige minderheids- of meerderheidspartye, moet daarop aandring. Die ideaal van Suid-Afrika as ‘n nie-rassige land moet gekoppel word aan algemene reg en geregtigheid.

Met regverdigheid as maatstaf beklemtoon ons die volgende:

* Die handhawing van Suid-Afrika as ‘n verklaarde regstaat. Dit beteken die handhawing van die grondwet én die onafhanklikheid van die regbank wat aangewys is om dit toe te pas. Hierdie uitgangspunt word ondermyn as die grondwet en die wette van die land nie op dieselfde manier op alle burgers, bekend en minder bekend, van toepassing gemaak word nie. Regeringslede kan nie met ’n skoon gewete staatkundig lei as hulle nie self die grondwet van die staat en wetsgehoorsaamheid versimboliseer of uitleef nie. Die handhawing van die grondwet is juis een van die belangrikste instrumente wat tans in Suid-Afrika beskikbaar is om regverdigheid aan almal te verseker.

* Omdat die grondwet regverdigheid, vryheid en menswaardigheid aan alle burgers van die land wil verseker, is dit net billik om daarop aan te dring dat alle stemgeregtigde kiesers moet kan stem, ook diegene wat tydelik buite Suid-Afrika verkeer. Ons neem met dank kennis van pogings deur die Onafhanklike Verkiesingskommissie in die verband, maar versoek tog dat teikendatums só gestel en só wyd bekend gemaak word dat soveel as moontlik geregistreerde kiesers hulle stem kan uitbring.

* Uitskakeling van korrupsie, misdaad en wetteloosheid op alle vlakke, is ‘n voorvereiste vir ‘n regverdige en stabiele samelewing. Die geloofwaardigheid van ‘n regering in ‘n demokratiese staat hang af van sy integriteit en vermoë om te lewer wat hy belowe. Die talle verkiesingsbeloftes van politieke partye oor sake soos effektiewe regering, dienslewering, veiligheid, onderwys, ekonomie, die bestryding van MIV/VIGS en die bekamping van misdaad moet uiteindelik waar gemaak word as daardie party aan bewind sou kom.

* Ons bepleit ook politieke verdraagsaamheid in ‘n staat waarin vryheid van spraak en stemreg aan almal gewaarborg word. Vreedsame, vrye politieke prosesse skep ‘n groter moontlikheid om die aandag weg te lei van emosionele drif en fisiese geweld na ‘n regverdige ruimte vir almal. Regverdige verkiesings is slegs moontlik indien dit in ‘n gees van verdraagsaamheid kan plaasvind waar alle politike partye die geleentheid het om hulle saak te stel. Regverdigheid en verdraagsaamheid teenoor almal is die basis waarop almal kan saamwerk vir ‘n beter Suid-Afrika.

Ons wil alle politieke partye wat aan die komende verkiesing in April in Suid-Afrika deelneem, verseker van ons erns met hierdie verklaring en ons voorbidding dat die Here hulle hierin sal lei voor en na die verkiesing. Ons is ook daarvan bewus dat talle van hulle die uitgangspunte van hierdie verklaring onderskryf. Mag ons getuienis hulle in hulle benadering versterk.

Prof Theuns Dreyer (Nederduitsch Hervormde Kerk van Afrika)
Dr Neels Smit (Gereformeerde Kerke in Suider-Afrika)
Prof Piet Strauss (Nederduitse Gereformeerde Kerk).